


ODDS AND ENDS/ STUKKIES EN BROKKIES


REKENAAR: EIETYDS OF ... OUTYDS?

- Die abakus of telraam is vóór die geboorte van Christus gebruik om berekeninge te doen. Interessant is dat die abakus byvoorbeeld nog vandag in sekere banke in die Ooste as hulpmiddel gebruik word.
- So vroeg as 6 eeue vóór Christus se geboorte is bamboesstokke in China en die ooste gebruik; teen die 12de eeu is die "suan-pan" algemeen in China gebruik.
- Driehonderd twee en veertig jaar gelede is die eerste rekenmasjien deur die negentienjarige Blaise Pascal (1623-1662) gebou om sy vader, 'n Franse belastinggaarder en geëerde wiskundige, met berekeninge te help. Hierdie masjien kon optel en aftrek.




Romeinse abakus.

(Encyclopaedia Britannica, Vol. 1, 9de uitgawe)



Pascal se rekenmasjien, 1642.

(Encyclopaedia Britannica, Vol. 1, 14de uitgawe)



Sjinese "suan-pan"

(Encyclopaedia Britannica, Vol. 1, 9de uitgawe)

- Om verdere onnodige tydverkwisting met berekeninge uit te skakel, ontwerp 'n Duitse wiskundige, Gottfried van Leibnitz in 1671 'n toestel wat kon vermenigvuldig en deel. 'n Masjien wat hierdie funksies kon uitvoer, is egter eers teen 1694 gebou.
- Gedurende die 18de eeu is verskeie pogings deur wiskundiges en meganici aangewend om 'n masjien te ontwerp wat kommersieel bemark kon word. Enkeles was Lepini (1725), Boistessandau (1730), Pereire (1750) en Hahn (1774).
- Die vader van die moderne rekenaar is sekerlik die Britse wiskundige en meganikus, Charles Babbage (1792-1871). Sy stoomaangedrewe rekenaar het baie kenmerke van die hedendaagse rekenaar gehad, waaronder berekeninge, databerging en die vermoë om inligting weer te gee. Aangesien ingenieurstechnieke nie ver genoeg ontwikkel was nie, het sy patente nie gerealiseer nie. Augusta Ada Byron, sy assistent en die dogter van Lord Byron, kan beskou word as die eerste programmeerder in die geskiedenis!
- Die firma Scheutz in Stockholm bou in 1855 'n masjien gebaseer op Babbage se idees.
- 'n Masjien wat deur middel van ponskaarte inligting kon verwerk, is deur Herman Hollerith in 1887 ontwerp. Die akkuraatheid van hierdie uitvinding is bewys tydens die gebruik daarvan in Amerikaanse sensusopnames van 1890 en 1900. Hollerith stig die "Tabulating Machine Company" — een van drie maatskappye wat in 1911 die "Computer Tabulating Recording Company" vorm (later bekend as IBM).
- 'n Reuse rekenaar is gedurende die Tweede Wêreldoorlog ontwikkel deur 'n student van Harvard, Howard Aiken. Die "Mark I" het 4 536 kg geweeg, 805 km bedrading gehad en het 3 304 elektromeganiese skakelaars gehad!
- Rekenaartegnologie het sedert 1946 ontwikkel tot masjiene wat nou die "moderne" mens se bondgenoot is.
- Die masjiene vaar redelik goed teen die mens se brein. "In chess games, computers often beat their human opponents, though in one match the computer was excused for eccentric play because it had recently been struck by lightning"!

